

DIE kattejagters van Marion-eiland is hier op die helikopter-landingsplek op die SA Agulhas nadat hulle gister in die Tafelbaaise hawe aangekom het. Die span was die afgelope nege maande op die eiland. Voor sit dr. Martan Bester, leier van die span kattejagters.

23/5/87

# Kattejagters van Marion terug

**Deur Ons Omgewingsverslaggewer**

'n KLEIN kommando kattejagters het gister in die Tafelbaaise hawe aangekom nadat hulle in die afgelope nege maande sowat die helfte van die ongewenste katbevolking op Marion-eiland doodgeskiet het.

Die sewentien bebaarde jagters het 460 katte doodgeskiet, waarvan 48 persent wyfies was. Die meeste wyfies was dragtig, wat beteken dat 'n verdere sowat 240 ongebore katte ook van kant gemaak is.

Die katplaag bedreig die besondere voëllewe op die eiland. Vergeefse pogings sedert 1974 om van die katte ontslae te raak, het die Departement van Omgewingsake uiteindelik na die roer laat gryp.

## WEERSTAND TEEN KATVIRUS

Vyf huiskatte is sowat 'n kwarteeu gelede na die eiland gebring. Die katte het so vinnig aangeteel dat daar in 1975 meer as 2 000 op die eiland was. In dié jaar het die katte sowat 450 000 voëls opgevreet. Reeds in 1966 het die gewone duikstormvoël weens die katplaag van die eiland verdwyn. Ander voëlsoorte op die eiland word ook deur die katte bedreig.

In 1977 is van die katte gevang en met katvirus besmet. Sowat 90 persent van die katbevolking het gevrek voordat die katte 'n weerstand teen die virus opgebou het.

Volgens die leier van die span kattejagters, dr. Martan Bester, 'n navorser van die soogdiernavorsing-instituut aan die Universiteit van Pretoria, was die jag van die katte baie geslaag. Die program sal nog vir twee somers gevolg word waarna die situasie weer in oënskou geneem sal word.

## IN BAASSKUTS ONTWIKKEL

"Die jagters het werklik baie hard gewerk. Hulle het twee-twee vir tien dae op 'n keer in hutte rondom die eiland gewoon waarvandaan hulle veral snags uitgegaan het om katte te jag. Ná tien dae kon hulle sowat twintig kilometer ver oor berge en dale terugstap na die basiskamp waar hulle vir vier dae kon rus. Die terrein waar hulle moes jag, is moeilik begaanbaar en hulle het behoorlik klippe gekou.

"Baie keer moes hulle vir tot 'n uur en 'n half die berge op agter katte aan hardloop. Die jagters het almal in baasskuts ontwikkel en is topfiks. Die jagtery is daarop gemik om die katte op die mees menslike manier en met die minste moontlik versteuring van die voëls op die eiland te jag. Hulle was met semi-outomatiese haelgewere gewapen," het hy gesê.